Het julle hulle genooi daarheen om sprekers te wees?

-- Nee, ons het hulle nie as sprekers genooi nie.

Of as eregaste op die vergadering op die verhoog? --

Nee, ons het hulle net gegooi as ouers, nie in hulle hoedanigheid as organisasie nie.

Het julle hulle spesifiek uitgenooi omdat u geweet het hulle is ERAPO ouers en dat u nou spesifiek aan hulle spesiale uitnodigings gestuur het of was dit net in die algemeen dat hulle daar was as ouers? -- Hulle was net in die algemeen(10) genooi soos die gemeenskap.

En is dit so dat u het nie presies geweet wie is lede van ERAPO nie? -- Dit is so, ja.

So, u kan nie eers vir die hof sê wie is ERAPO mense wat daar op die vergaderings was nie, dit is maar net wat jy dink? -- Dit is nie wat ek dink nie, want gedurende Januarie het hulle T-hemde aangehad waarop geskryf was ERAPO. Dit is hoe ek bewus geword het van hulle teenwoordigheid.

Het enige van hulle deelgeneem aan die gesprekvoering en toesprake gelewer daar? -- Ja, dit is so. (20)

Kan u vir ons nog sê wie is dit wat toesprake gelewer het en wat aan ERAPO behoort? -- Mn. Star en mn. Solly.

HOF : Star is nou Star Motswege en Solly is Solly Klaas?  
-- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Behalwe vir hulle twee, is dit al wat u van weet? -- Hulle is die twee wat ek met T-hemde gesien het.

Maar hulle het nie deelgeneem aan die besprekings nie?  
-- Hulle het gepraat. Star het gepraat maar dit wat hy gesê het was 'n herhaling van 'n ander persoon se toespraak se woorde. Ek kan nie meer presies onthou wat hy gesê het (30) nie/...

nie. Wat Solly betref, Solly het gepraat en vir 'n lang tyd  
'n toespraak gelewer oor die De Lange kommissie.

As u hier vir die hof sê dat hierdie mense van ERAPO  
het nooit teenstrydige houdings ingeneem as wat uself ingeneem  
het nie, dan is dit eintlik nie waar nie, want u kan nie sê  
wat is hulle houding nie? Wat het hulle gesê en wat het  
hulle orals gesê nie? -- Ek weet, as hulle nie saam met ons  
gestem het oor dit wat ons voorgestel het dat die kinders  
teruggaan skool toe nie dan sou hulle daar iets gesê het  
wat teenstrydig was met ons gevoelens en dit sou ek onthou(10)  
het wat hulle gesê het.

K1262 So, dit was net by daardie een geleentheid wat u kan sê  
hulle het saamgestem? -- Solly se woorde was dat hierdie ding  
is lank dat dit bestaan. Dit is nie 'n ding wat oornag ver-  
ander kan word nie en as hierdie kinders nie skool toe gaan  
nou nie, beteken dus dat hulle nooit weer skool toe sal gaan  
nie. Met daardie woorde wat hy gebesig het, het ek aanvaar  
dat hy saam met ons stem.

Die bewering is gemaak hierso dat ERAPO bestaan al vir  
baie jare in Daveyton, selfs in die laat 70's, begin van (20)  
1980? Hoe is dit moontlik dat .... (Mnr BIZOS kom tussenbei)

MR BIZOS : What was put was that ERAPO was formed in the  
East Rand not in Daveyton.

MNR. JACOBS : Ek sal daardie deel weer nagaan, maar dit was  
gestel aan 'n getuie wat oor Daveyton getuienis gegee het dat  
hy bestaan het en Daveyton is deel van die Oos-Rand. So, as  
ERAPO bestaan het vir baie jare in Daveyton onder andere,  
hoe is dit dan dat u niks geweet het van ERAPO tot op hierdie  
geleentheid toe u 'n vergadering gehou het en gesien het daar  
is ook so 'n liggaam? -- Daveyton is 'n groot plek. Waar (30)

ek/...

ek bly is daar nie sulke mense van ERAPO nie. So, ek was nie daarvan bewus nie. Ek het dit vir die eerste keer gesien.

Maar het u nie kennis gedra dat ERAPO dan 'n organisasie is wat bestaan en organiseer in Daveyton en vergaderings hou in Daveyton nie? -- Nee.

Bestaan daar 'n publikasie of 'n koerant wat in Benoni uitgegee word met 'n bylae vir Daveyton ook, die woongebied? -- Ek is nie 'n persoon wat so veel koerante lees nie. Daar is wel 'n koerant wat in Benoni gedruk word, maar ek het nog nie 'n koerant gesien wat alleenlik met Daveyton handel nie. (10)

Daar is 'n spesiale bylaag by daardie koerant wat oor Daveyton gedruk word? -- Soos ek alreeds gesê het, ek is nie 'n persoon wat koerante lees nie en ek weet nie van so 'n koerant wat daar as 'n bylae is nie.

Lees u die koerant wat in Daveyton gedruk word? Nie in Daveyton nie, in Benoni gedruk word? -- As ek miskien dit raakgeloop het, ja, dan kyk ek so 'n bietjie in die koerant maar dit is nie dat ek die koerant koop nie.

Toe hierdie "committee of concern" aangestel is, kom ons begin nou hier by die heel begin, en julle het nou 'n (20) opdrag gekry, het julle nie gegaan as julle eerste taak na die organisasies wat daar in Daveyton bestaan om hulle same-werking te kry nie? -- Nee, ons het nie na die organisasies gaan soek nie.

Was dit nie belangrik gewees om COSAS en Daveyton te nader om vir hulle of met hulle te reël dat julle saam vergader en dat julle nou hoor wat is die grieve van hierdie mense nie? -- Ons wou nie COSAS gehad het nie. Ons het belang gestel in skoliere.

Het u nie geweet dat COSAS verteenwoordig die skoliere (30)

nie/...

nie? -- Ek het geweet.

Dan was dit mos nou belangrik omdat COSAS die skoliere verteenwoordig en organiseer namens die skoliere dat hulle moes ook betrek word in samesprekings? -- Die rede is dit was nie almal die skoliere wat lede is van COSAS nie. Met ander woorde, as ons nou besluit op COSAS beteken dit dus dat ons nou nie omgee vir die kinders wat nie aan COSAS behoort nie.

Maar was dit nie net so belangrik nie? Het die komitee nie geweet dat COSAS is 'n belangrike organisasie in daardie(10) gebied wat organisasie doen van die kinders en baie te doene het met die boikotte van die skole nie? -- Nee, dit was nie beskou as 'n doen en late van 'n organisasie, dat die kinders die skole boikot nie. Dit was gesê dat dit die skoolkinders was.

Wat dink u het COSAS dan so by al hierdie vergaderings gedoen wat julle so gehou het? -- Hulle is skoliere. Ek het hulle aanvaar as skoliere. Ek het niks daarmee verkeerd gesien nie, want hulle is ook skoliere.

Het julle probeer om met UDF aan wie COSAS geaffilieer(20) is kontak te maak? -- Nee.

Het u kennis gedra dat daar 'n areakomitee van UDF daar in daardie gebied bestaan het? -- Nee.

Het u enigsins probeer om uit te vind wat se organisasies plaaslik in Daveyton bestaan om hulle samewerking te kry in hierdie saak? -- Nee, ek het nie.

Nie net u nie, maar die komitee? -- My komitee het dit nie probeer nie, want ons het dit nie beoog dat ons met die ander organisasies wil werk nie, maar ons was van voorneme dat ons samewerking sal uitvoer saam met die ouers en (30)

kinders/...

kinders.

Toe u nou kontak gemaak het, dit is nou u komitee met die mense van Springs, het julle spesifieke organisasies in daardie gebied genader? Dit is organisasies verteenwoordigend van die mense daar in Springs? -- Hulle het die inwoners van Springs gaan spreek.

HOF : Was u by? -- Nee.

MNR. JACOBS : En die ander plek wat u genoem het? -- Katlehong.

Was u in Katlehong gewees? -- Nee, ek was nie. (10)

Ek verstaan nou nie. Was die idee gewees hulle gaan nou van huis tot huis na die inwoners in Katlehong om hulle samewerking te kry? -- Sover as wat dit my betref, as ek reg is, te Springs sou hulle vir mnr. Mzamane gevra het om die ouers bymekaar te roep en te Katlehong sou hulle vir eerwaarde Ngidi gevra het om die ouers bymekaar te kry.

Is dit dan korrek dat hulle "committee of concern" het eintlik niks positief gedoen of reggekry nie? -- Dit het iets reggekry.

Kom ons kyk. Die vergadering wat in Januarie 1985 (20) gehou was, was dit die vergadering van 6 Januarie? -- Dit kan wees dat dit op die 6de was, want dit was net 'n paar dae voor die opening van die skole, daar rond.

Die vergadering van 6 Januarie, die voorsitter van daardie vergadering was 'n mnr. Nelson van Mabuya Hoërskool? -- Nee.

En die doel van daardie vergadering was om die algemene griewe van die skoliere te bespreek en te bespreek oor die bywoning van die klasse deur die skoliere? -- Ja, iets was daaromtrent gedoen dat die kinders skool toe moes gaan en (30)

die/...

die kinders het skool toe gegaan.

Ek wil aan u stel wat op hierdie vergadering gebeur het as dit dieselfde vergadering was.

HOF : Laat ons eers bepaal of dit dieselfde vergadering is. Wie sê u was die voorsitter gewees van die vergadering? -- Met my aankoms daar het die vergadering alreeds begin en mnr. Nkomo was die persoon wat gepraat het soos gewoonweg by die vergaderings.

MNR. JACOBS : So, hy het net gepraat? Dit is nie te sê dat hy die voorsitter was nie? -- Hy was die voorsitter (10) gewees want hy is die persoon wat die vergadering gesluit het.

Beteken dit as 'n persoon die vergadering sluit hy is ook die voorsitter? -- Ek aanvaar dit so, want 'n mens kan nie net 'n vergadering gaan sluit wat jy nie self geopen het nie.

Kan u onthou was daar 'n verhoog gewees en verskeie persone op die verhoog? -- Ja, ek weet.

En ken u vir mnr. Nelson van Mabuya Hoërskool? -- Ek ken hom nie, maar daar was wel jeugdiges daar teenwoordig (20) saam met ouers.

Het die "committee of concern" nooit samesprekings met enige van die hoofde van die skole gevoer dat u met hulle kennis gemaak het nie? -- Daar was vergaderings gehou, ja.

En was die skoolhoofde gespreek deur die komitee? -- Nie op hierdie dag nie. Die hoofde van die skole is genooi na die saal toe.

U verstaan òf my vraag nie òf u wil hom nie verstaan nie. Het die komitee ooit na die hoofde toe gegaan oor die probleme van die skoliere en dit opgeneem met die onderskeie (30)

hoofde/...

hoofde van die skole? -- Nee, die komitee het nie elke hoof van 'n skool alleen genader nie. Daar was 'n versoek gerig dat ons bymekaar moet kom by 'n vergaderingkamer van die gemeenskap in Daveyton, want by daardie tyd was daar nie skole gewees nie.

By daardie tyd was daar nie skole nie? Wat bedoel u daarmee? -- Daarby bedoel ek dat daar nie skoolgeboue was nie. Ek sê dat die kinders nie skool toe gegaan het nie.

So, dit was in die tye van die boikotte? -- Dit is so, ja.

(10)

Het julle die skoolhoofde toe ontmoet? -- Ja, eers na die kinders teruggekeer het skool toe was daar 'n ontmoeting gewees met die hoofde van skole.

HOF : Wanneer was dit? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar dit is tussen die twee maande Februarie of Maart in daardie tyd.

1985? --Dit is so, ja.

MNR. JACOBS : As ek dit dan reg het, dan was die ontmoeting eintlik nadat die probleme opgelos is en die kinders terug is skool toe. Wat se sin is daar in? -- Ons het bymekaar gekom voor die skole oopgemaak het. Dit was moeilik gewees om die hoofde van die skole in die hande te kry, want daar was nie skole wat aan die gang was nie. Daar was juis 'n versoek gerig voor hierdie dag wat ons bymekaar gekom het dat wie ook al 'n hoof van 'n skool sien, word genooi om na hierdie vergadering te kom. Dit was moeilik gewees. Net een van hulle was by hierdie vergadering gewees. Dit is naamlik mnr. Matsobane. Dit is die enigste een wat die vergadering bygewoon het voor die skole begin het weer om aan die gang te kom.

(30)

Is/...

Is u getuienis nou dat daar eintlik twee vergaderings was waar die skoolhoofde na uitgenooi was? Een waar net een opgedaag het en dan 'n tweede een in Maart 1985? -- Ja, u is reg, maar u moet nou net een ding onthou. Dit was nie die algemene vergadering wat hulle moes bygewoon het nie. Dit was 'n vergadering net van die komitee.

Dit is reg. Dit is wat ek nog die hele tyd vir u stel net die komitee en die hoofde. Kom ons gaan terug na die vergadering van 6 Januarie toe. As daar op 6 Januarie 1985 'n groot algemene vergadering in die stadion gehou was, dan(10) het julle as die komitee "committee of concern" dan tog ten minste seker daarvan iets geweet? -- Ja, ek glo daaraan dat ons geweet het.

En julle het dit sekerlik dan gaan bywoon as dit 'n vergadering was wat die algemene probleme van die skoliere sou bespreek het en ook die bywoning van klasse verder? -- Dit is so.

Wanneer het die skole begin in Januarie 1985? -- Ek weet nie van die presiese datum nie, maar wat ek wel kan sê is dat dit was net 'n paar dae voor die skole weer begin (20) het vir daardie jaar dat ons hierdie vergadering gehou het. Dit kan miskien wees dat die skole op die 8ste of die 9de oopgemaak het. Ek is nie seker nie, maar dit was nie lank na die vergadering dat die skole oopgemaak het nie.

En voor die skole oopgemaak het was daar sekerlik nie meer as daardie een vergadering in Daveyton se stadion gehou nie? -- Wat is die vraag?

Ek sê en is dit nie so dat in daardie tydperk van die begin van - 1 Januarie 1985 totdat die skole geopen het was daar sekerlik nie meer as net die een enkele vergadering (30) gehou/...

gehou in die stadion wat gehandel het oor die skole en die skoolprobleme nie? -- Daar was net een vergadering wat gehou was.

En die vergadering was ook bygewoon deur u? -- Ja, dit is so. Ons het eintlik daardie vergadering belê.

En is dit nie so nie dat Aubrey Nxumalo, dit is die voorsitter van COSAS, het daardie vergadering gepraat om die studente of leerlinge se sy van die aangeleentheid te stel? -- As dit die geval is kan ek dit nie onthou nie. Dit kan wees dat dit gebeur het voor ek daar opgedaag het. (10)

Het u ook weer vir daardie vergadering laat opgedaag?

MR BIZOS : The witness has only spoken of one meeting at which she was late and she has insisted that there had only been one meeting. If the state's case is that there was more than one meeting, they cannot put the questions on the basis that there was more than one meeting, if the witness speaks of only one.

MNR. JACOBS : As ek mag sê, sy het ook getuig dat op die begrafnis het sy blykbaar laat aangekom. Het u nou laat aangekom by hierdie belangrike vergadering? -- Ja, ek was (20) laat gewees.

Kan u onthou dat daar 'n persoon gesê het op hierdie vergadering dat die skoleboikot is nie ten einde nie, maar dit is net tydelik opgeskort? -- Ek onthou nie van so 'n persoon nie, want ons besluit daar was dat die kinders terug moet gaan skool toe en die kinders het wel teruggegaan skool toe.

Kan u onthou dat daar op hierdie vergadering deur 'n persoon gesê is dat die skoleboikot sal weer voortgesit word as daar nie aan hulle eise voldoen word nie? -- Nee, ek (30)

onthou/...

onthou nie dat 'n persoon so iets gesê het nie, behalwe dat ek van 'n persoon onthou wat gesê het ons het 'n fout begaan dat ons in die middel van die onderwysboikot is. Eintlik moes dit begin het van heel bo af, vanaf die professor na onder toe by die eerste graadse kinders dat almal deel moet neem aan die boikotte.

Het iemand op daardie vergadering gesê almal moet deelneem aan die boikotte? -- Nee, u verstaan my nie. Ek sê 'n skolier daar het gesê dit is nie slim genoeg van ons om deel te neem om hierdie boikotte te veroorsaak nie, want dit sou dan (10) betekent dat die hele gemeenskap het weggebly en as dit nou moes begin het van graad een af na die professor toe, sou dit betekent het dat die gemeenskap as geheel nie geleerd is nie. So, die beste was sy voorstel dat hulle teruggaan skool toe.

Is daar op hierdie vergadering volgens u getuienis nou niks gesê daaromtrent dat daar nog aan die studente se eise voldoen moes word nie? -- Wat gesê was daar is dat daar wel iets gedoen sal word wat die studente tevrede gaan stel terwyl hulle terug is op skool. (20)

HOF : Is dit by die vergadering gesê daar sal nie lyfstraf wees nie, daar gaan SRC's wees en die ouderdomsbeperking verval? Is dit gesê dit is die posisie nou? -- Dit was nie gesê dat dit nie meer gedoen sal word nie. Wat gesê was is dat daar beloftes is dat dit nie meer toegepas sal word nie.

Wie se beloftes? -- Die cuers by hierdie vergadering wat deelgeneem het aan toesprake het gesê dit wat julle eise is, as dit nie nagekom word nie, na julle teruggekeer het by die skool, belowe ons julle dat ons nou dit sal opneem namens julle. (30)

Nee/...

Nee, maar is daar gesê op die vergadering - ek dink u het so gesê - dat daar beloftes is dat daar sal nie lyfstraf wees nie, daar is nou SRC's en daar is geen ouderdomsbeperking nie. Is dit so gestel? -- Wat gesê was is dat dit gestop sal word. Wat positief gesê was dat dit nie meer gedoen sal word nie, is die straf, dat kinders geslaan gaan word.

Wat is gesê van SRC's? -- Wat gesê was is dat dit belowend was dat dit reg sal kom, want as hulle nie skool toe gaan nie, dan sal hulle - as dit nie so gesê word nie, sal hulle nie skool toe gaan nie. (10)

Is dit dat dit belowend was, met ander woorde 'n vooruitsig op of dat daar 'n belofte is? -- Dat daar 'n belofte was.

Wie se belofte? -- Wat gesê was is die deurlees van die koerante en hoor van die TV nuus. Julle het gehoor dat daar 'n belofte is oor hierdie aangeleentheid, dat daar 'n antwoord gaan kom. Daarna het ekself opgestaan en gesê my organisasie dit is nou "women for peace" het samesprekings gevoer met mense van die onderwysdepartement en ons het iemand genooi na Benoni toe waar ons verdere samesprekings gevoer het met hierdie persoon vanaf die departement se hoofde. Die persoon (20) het ook belowe. So, met ander woorde, daar is 'n belofte gemaak, want dié het my tot 'n grondwet gegee van die department van onderwys en opleiding.

Grondwet van wat? -- Dit gaan oor die liggeme van die skoolkomitee, die beheer van skole, kinders, die toestande.

Nou het ek nog nie mooi duidelikheid nie. Ek kry blykbaar nie duidelikheid oor die SRC's nie. Wat die ouderdomsbeperking betref, wat is daaroor van owerheidskant gesê is berig op die vergadering? -- Daar was nie 'n spesifieke verwys gemaak na 'n sekere eis nie. Wat gesê was daar is dat daar - julle (30)

is/...

is belowe dat julle hierdie eise - dat die eise van julle oorweeg sal word, dat julle dit maklik in julle guns sal kan kry.

Nou, was die houding dan nie van die klomp kinders nie, kyk, dit is 'n klomp beloftes en dit sal tog nie nagekom word nie en as dit nie nagekom word nie, dan gaan ons weer op boikot? -- Nee.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie dat op hierdie vergadering het die verteenwoordigers van die kinders en onder andere hierdie spreker Aubrey toe gesê ook wat is die eise, verdere(10) eise wat hulle wil hê sodat die mense en die ouers wat dit gaan oplos weet wat dit is? -- Hy het dit bekend gemaak.

Onder andere, is dit reg, dat hy gesê het dat geen onge-kwalifiseerde onderwysers by skole toegelaat sal word nie?  
-- Ek onthou dit nie.

Kan jy onthou dat 'n ander eis wat hulle toe daar geopper het was dat skoliere sal nie teruggaan skool toe nie as die Suid-Afrikaanse polisie naby enige skole aanwesig is of bly nie? -- Die kinders het melding gemaak van baie dinge. Na aanleiding van die baie dinge wat die kinders melding (20) van gemaak het, het Klaas op die volgende manier antwoord gegee dat hierdie dinge waarvan julle praat het 'n lang tyd geduur voordat dit daar gekom het en nog daar is. So, julle kan nie verwag dat dit op 'n dag reggemaak kan word nie. Oornag sal julle dit nie kan regkry nie.

Ek het dit nie vir u gevra nie? Waarop antwoord u nou?  
-- My antwoord is gebaseer op alles in die algemeen wat deur die kinders daar gesê was, want ek kan nie alles onthou wat hulle gesê het nie. Daar is wel sekere dinge wat ek onthou wat ek as belangrik beskou het en dit het in my geregistreer.(30)

Wat/...

Wat die polisie en ander kleinighede betref kan ek nie onthou nie. Dit is hoekom ek daardie soort van h antwoord gegee het.

Maar is dit nie belangrik nie dat die polisie gekoppel aan die skole 'n belangrike faktore is nie? -- Wat my betref was dit nie die eerste keer dat ek die polisie sien met skole se bedrywighede inmeng nie. So, ek het dit aanvaar as een van die dinge wat daar is.

Ek wil aan u verder stel dat u verkeerd was, want op daardie stadium was dit reeds toegegee dat SRC's ingestel kan word by die skole in plaas van die prefekstelsel? -- Ek (10) het nie gesê dat dit wel so aanvaar was nie. Ek sê daar was beloftes.

En is dit so dat hierdie spreker Aubrey het toe daarso aan die vergadering verduidelik hoe dat die SRC's moet werk in die skole? -- Ek onthou nie dat hy so iets daar verduidelik het nie.

Kan u onthou dat hy gesê het dat die SRC's sal dien as skakeling tussen die skoliere en onderwysers en dat die SRC's moet die skoliere se griewe aan die onderwysers oor-dra? -- Ek onthou nie dat daar iemand gesê was - deur daardie (20) persoon nie, veral op hierdie dag. Ek onthou daarvan dat die kinders lank voor hierdie dag melding daarvan gemaak het hoekom hulle daaraan dink dat daar 'n SRC moet wees. Dit is die rede gegee.

Ek is nie van lank voor die tyd geïnteresseerd nie. Ek is in hierdie vergadering geïnteresseerd. -- Op hierdie dag onthou ek nie dat hy dit gemeld het nie.

By het verder daaroor verduidelik dat as die skoliere onder leiding van die SRC's besluit dat hulle is ontevrede met 'n onderwyser moet van daardie onderwyser ontslae geraak word? (30)

Ontslae/...

-- Ontslae raak van hom waar?

Ek weet nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Hy het ook verder daar verduidelik dat as die skoliere onder leiding van die SRC's klagtes het oor enigiets op die skole soos toilette wat nie behoorlik werk nie of enigiets van daardie aard, dan moet die SRC dit dadelik oordra aan die owerhede by die skool en dit moet dadelik reggemaak word ooreenkomsdig die klagte van die kinders? -- Nee, ek onthou dit nie.

En oor die lyfstraf, dit was nie heeltemal afgeskaf(10) nie. Die besluit was gewees dat op hierdie vergadering was dit oorgedra ook deur hierdie leerling dat leerlinge mag nie meer as vier houe lyfstraf kry nie en as 'n leerling weier om enige lyfstraf te ontvang is dit ook die end van die storie. Dit hang van die leerling self af of hy gaan toestem tot lyfstraf of nie? -- U is reg. Toe die klagte daar gemaak was deur die kinders was dit nie omdat hulle vier houe geslaan word nie. Hulle het gepraat daarvan dat hulle soveel geslaan word dat baie houe toegedien is.

En nou was op hierdie vergadering verduidelik nou gaan(20) daar nie meer as vier houe geslaan word nie of niks?

HOF : Dit sal 'n moeilike keuse vir die kind wees, jy kry vier houe of niks?

MNR. JACOBS : Ja, as hy vir die onderwyser sê hy is nie bereid om lyfstraf te ondergaan nie, moet die onderwyser dit so aanvaar? -- Wat ons betref, die swartmense, ons is mense wat paksлаe kan gee vir die kinders. Ons slaan die kinders. So, ek glo nie daaraan dat dit 'n kind sal wees wat weier om vier houe toegedien te word nie, want dit sal beteken dit is iets baie snaaks. Dit is verbasend en ek glo nie dit kan (30)

gebeur/..

gebeur nie.

HOF : Is dit dan so dat by hierdie vergadering gepraat is oor lyfstraf meer as vier houe? -- Die kinders het gekla daarcor dat hulle oor die skaal geslaan word. Hulle het nie getel hoeveel houe nie.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie dat op hierdie vergadering het die kinders daar oorgegaan en verteenwoordigers van SRC twee vir die volgende skole daar gekies nie. Vir Mabuya Hoërskool was twee persone gekies? -- Nee.

Vir Davey Senior Sekondêre Skool was twee gekies? --(10) Nee, daar was geen verkiesing van kinders daar nie.

Is daar so 'n skool soos Davey Senior Sekondêre Skool?  
-- Ja, daar is.

Dan is daar vir Nyathi Hoërskool twee gekies en vir Hulwazi Hoërskool was daar twee gekies? Is daar so 'n skool?  
-- Ja, daar is. By daardie tyd wat ons daar was by daardie vergadering was daar geen verkiesings gehou nie. Geen kind was gekies daar nie. Wat ek wel kan sê is dat op 'n latere stadium het die kinders alleen die vergaderplek verlaat. Dit kan wees dat hulle miskien mekaar daar gaan kies het (20) waar hulle was, maar nie by die vergadering nie.

Kom ons kry dit net duidelik. Hoe het dit gekom dat die kinders die plek verlaat het. Is hulle uitgeroep deur iemand? -- Nee, die vergadering het gesluit. Ek en my seun was altwee daar teenwoordig by hierdie vergadering. Ek het hom toe geroep dat ons huis toe moet gaan. Na aanleiding daarvan het my seun toe aan my gesê nee, ek kan nie nou gaan nie, ons moet nog hier vergader as skoolkinders, want daar is van die kinders wat nie hier is nie, wat ook die woord moet kry omdat hierdie vergadering besluit het dat ons skool(30)

toe/...

toe moet gaan, ons moet dit bespreek hoe die ander kinders die woord gaan kry om skool toe te gaan.

Is dit 'n COSAS vergadering wat hulle toe sou bygewoon het? -- Nee, dit was die skoolkinders gewees daar teenwoordig by daardie tyd.

Ek wil na 'n ander aspek toe gaan. In 1983 het u rondbeweeg in die gebied daar - die einde van 1983 Novembermaand - in die woongebied daar? -- Watter gebied nou?

Die woongebied, die hele Daveyton? Die besigheidssentrums, busstoppe? -- Ek is nie 'n persoon wat baie koop in (10) daardie woonbuurt nie. Eintlik is daar 'n winkel baie naby aan my huis, maar ek gaan nooit na die winkel toe nie. Ek stuur kinders as ek iets wil hê van die winkel af.

Het u nooit in daardie tyd, November en Augustus, September, Oktober, November plakkate daar opgeplak gesien in die woonbuurt hetsy by bushaltes of buskiosks of by winkels of besighede, huurmotorstaanplekke omtrent die verkiesings wat aan die gang is nie? -- Nee.

Het u nooit - weet u of daar 'n groot stemming in Daveyton was op die stemdag? Het baie mense gaan stem? -- In watter (20) jaar is dit nou?

1983, November? -- Ja, ek weet.

Was daar baie mense gewees wat gaan stem het of weet u nie? -- Ek weet nie want ekself was nie soontoe nie.

Omtrent die huur weet u van enige organisasie wat daar georganiseer het om die kwessie van die huur verder te neem? -- Ja, ek het daarvan gehoor.

Wie is die organisasies wat u van gehoor het wat hierdie huurkwessie verder geneem het? -- Ek het dit van my man gehoor en die mense was nie daar as 'n organisasie genoem nie. (30)

Wat/...

Wat hy gesê het is dat daar sekere mense is wat daar gekies was daar, nie 'n organisasie nie.

Weet u of daar massavergaderings gereël was in 1984 vanaf Juniemaaand 1984 omtrent die huurverhogings? -- Ek het daarvan gehoor.

En wie het die vergaderings georganiseer? -- Nee, ek weet nie.

Was daar plakkate uitgesit en pamphlette versprei oor hierdie vergaderings? -- Ek het dit nie gesien nie.

In hierdie tyd van Augustus 1984 tot Februarie 1985 (10) was daar raadseeidomme beskadig in Daveyton? -- Ek het nie 'n goeie kennis daarvan nie.

Was daar raadslede se huise beskadig? -- Ek het nie 'n goeie kennis van die huise van raadslede wat aangeval was nie, maar ek het so 'n bietjie vaag gehoor dat daar beweer word dat mngr. Boya se huis se vensters gebreek is.

Op hierdie dag van die begrafnis wat u bygewoon het wat u van gepraat het toe Patrick Phala begrawe is, kan u na hierdie dokument kyk? Dit is BEWYSSTUK CA19. Dit is die program van daardie begrafnis. -- Ek weet nie. Ek het dit(20) nie in die hande gekry nie.

U het nooit so een gekry nie? -- Nee.

Volgens die program sou die begrafnis 12h00 begin het? Is daar nou enige rede waarom u so baie laat by hierdie begrafnis opgedaan het? -- Ja, ek het 'n rede.

Wat is die rede? -- Ek het sekere werk wat ek self moet doen en ek het baie werk om te doen. As ek nou daar lank gaan sit, dan gaan daardie tyd van my geneem word deur sit daar en my werk sal nie alles gedoen kan word nie.

Hoekom as dit vir u so ongerieflik is en u het so laat(30)

na/...

na hierdie begrafnis toe gegaan, hoekom het u dan nie sommer na die begraafplaas toe gegaan en nie na die stadion toe nie?

-- Nee, dit is nie ons gewoonte om sommer voor te gaan wag by die begraafplaas nie. Die gewoonte is dat jy saam met die stoet daar moet wees agter die kis. Daar is jou plek as jy begrafnis toe gaan.

Kan u onthou voordat die vier kiste die stadion verlaat het, is daar aangekondig dat daar sekere reëls was wat nagekom moet word op pad na die begraafplaas toe? -- Wil u van my weet of daar so iets gesê was? (10)

Ja, was dit aangekondig? Kyk, dit was die tyd van die onluste en die landdros of die magistraat van hierdie distrik het sekere reëls vasgelê waarvan julle, al die begrafnisgangers tog asseblief gehoorsaam moet wees? -- Ja, daar was so iets gewees dat ons by die tyd moet bly.

Was hierdie aankondigings gedoen deur die voorsitter op hierdie vergadering, mnr. Star Motswege? -- Nee, op die tydstip wat ek daar was, was dit bekend gemaak deur die predikant wat gebid het deur te sê om by die tyd te hou, moet julle vinnig beweeg want ons tyd is beperk. (20)

Het hierdie predikant toe afgelees wat is die voorwaardes? -- Nee, ons was besig om uit te gaan toe hy vir ons gesê het dat ons vinnig moet beweeg want ons tyd is beperk.

Kan jy onthou dat iemand daar aangekondig het dat die oorskot van die oorledenes moes per voertuig vervoer word? -- Nee, nie terwyl ek daar was nie.

So, daar is niks aangekondig wat julle gehoorsaam aan moet wees nie? Behalwe om slegs te verwys na die tyd nie? -- Ek wil dit nie sê nie, want dit kan wees dat dit vroeër gesê was voor ek daar gekom het. Ek het laat daar opgedaag. (30)

K1262.54

- 21 453 -

MONYOKOSELI

Al wat ek gehoor het was toe dit aan ons gesê was dat ons  
vinnig moet loop want ons tyd is beperk.

HOF VERDAAG TOT 14h00.

## **DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### **PUBLISHER:**

**Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand**

**Location:- Johannesburg**

**©2009**

### **LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### **DOCUMENT DETAILS:**

**Document ID:- AK2117-I2-34-371**

**Document Title:- Vol 371 p 21389-21453. Witnesses: Thusi, Manyokoseli**